

Die Here tug die vir wie Hy lief is

Heb 12:5-11

4 Desember 2022

1. Vantevore: Gelowiges mag met vrymoedigheid in heiligdom ingaan (Heb 10:19-20), moet nie die vrymoedigheid prysgee nie (Heb 10:35), deurdat hulle volhard in die geloof (Heb 11:36,38). Om in te gaan is 'n wedloop wat beide innerlike stryd (Heb 12:1-2) en uiterlike stryd (Heb 12:3-4) insluit. Gelowiges moet hulle oog gerig hou op Jesus, die Leidsman en Voleinder van hulle geloof, wat reeds die ergste lyding deurstaan het.
2. Heb 12:5-11 – Die Here tug die wat Hy lief het; die swaarkry as deel van die stryd is God wat tug
3. Tugtiging is 'n liefdesaansporing van God (Heb 12:5-6)
 - a. Hebreërs het aansporing uit Woord vergeet (Spr 3:11-12)
 - b. Inhoud van aansporing:
 - Tugtiging kom van die Here af, Hy is in beheer
 - Tugtiging/dissiplinerings is swaar, kan selfs straf wees
 - Ons moet nie tugtiging geringskat nie – daar is waarde in, konstruktiewe handeling van God
 - Tugtiging is 'n liefdesdaad van God
4. Tugtiging is 'n bewys van kindskap van God (Heb 12:7-8)
 - a. Tugtiging is deel van ouerskap – selfs aardse ouers verstaan dit
 - b. Heilige Gees getuig gelowiges is kinders van God (Rom 8:15-17) – dus kan elke gelowige tugtiging verwag (Heb 12:6)
 - c. Gebrek aan tugtiging moet jou laat wonder of jy werklik kind van God is (vgl Mat 7:21-23)
5. Tugtiging vereis dat die gelowige hom onderwerp aan God (Heb 12:9-10)
 - a. As 'n reël respekteer kinders hulle aardse ouers (vgl Deut 21:18-21)
 - b. Soveel te meer behoort gelowiges hulle geestelike (hemelse) Vader te respekteer en hulle aan Hom te onderwerp:
 - Aardse ouers tugtig kort rukkie, geestelike Vader tugtig lewenslank
 - Aardse ouers tugtig volgens wat vir hulle reg lyk, geestelike Vader tugtig tot ons beswil
 - Aardse ouers tugtig om kinders voor te berei vir aardse lewe, geestelike Vader tugtig om voor te berei vir ewige lewe, heiligheid
6. Tugtiging bewerk vrug van geregtigheid (Heb 12:11)
 - a. Tugtiging lei eers tot droefheid – want dit is swaar
 - b. Later lewer dit vrug van geregtigheid
 - Vrug ≠ geregtigheid – geregtigheid word deur geloof verkry (Rom 3:22)
 - Vrug is resultaat/gevolg van geregtigheid = groei in heiligheid (Heb 11:33, 2 Tim 2:22, Rom 6:12-13)
 - c. Vrug van geregtigheid bring ook vrede met God (Rom 5:1)
7. Voorbeeld van die volk Israel (Deut 8:1-10)
 - a. Die Here was in beheer om volk na beloofde land te bring
 - b. Deur honger te ly, wys die Here hulle hulle eie harte – om gehoorsaamheid te leer
8. Afsluiting
 - a. Word bemoedig deur stryd/tugtiging – God is konstruktief besig
 - b. As jy nooit tugtiging beleef nie, besin dringend of ware jy geloof het